# Motorhandelaars Versekering
## Indeks van beskikbare dekking

Algemene uitsonderings, voorwaardes en bepalings

Eksterne Afdeling

Interne Afdeling

# Motorhandelaars Versekering

## Algemene uitsonderings voorwaardes en bepalings

ZURICH®

Onderworpe aan die bepalings, uitsonderings, voorwaardes (opskortend of andersins) en as teen prestasie daarvoor en op voorwaarde dat die premie vooraf deur of namens die versekerde betaal en deur of namens die versekeraar ontvang word, stem die versekeraar vermeld in die bylae in om die versekerde deur middel van betaling of na die versekeraar se keuse deur vervanging of herstel tot hoogstens die versekerde bedrae, skadeloosstellings- en vergoedingsperke en bedrae gespesifiseer skadeloos te stel of te vergoed ten opsigte van die versekerde gebeurtenisse wat gedurende die versekeringstydperk, en soos andersins voorsien, plaasvind ingevolge die afdelings hierin vervat.

Indien meer as een versekeringsmaatskappy of versekeraar aan hierdie versekering deelneem, word die woord "versekeraar" na "versekeraars" gewysig, waar dit ook al in hierdie polis voorkom. In hierdie geval is die persentasie aandeel van elke versekeraar soos in die bylae van hierdie polis vermeld en die aanspreeklikheid van elke sodanige versekeraar is afsonderlik beperk tot die persentasie aandeel wat teenoor sy naam aangetoon is.

Spesifieke uitsonderings, voorwaardes en bepalings stel algemene uitsonderings, voorwaardes en bepalings ter syde.

### Algemene uitsonderings

1. (a) Hierdie polis dek nie verlies van of skade aan eiendom wat betrekking het op of veroorsaak is deur die volgend nie:
   - (i) Burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking, uitsluiting of openbare onrus of enige daad of handeling wat daarop bereken of gerig is om enige van die voormelde te veroorsaak.
   - (ii) Oorlog, inval, die optrede van 'n buitelandse vyand, vyandelikhede of krygsverrigtinge (hetsy oorlog verklaar is al dan nie) of burgeroorlog.
   - (iii) (a) Muitery, militêre opstand, militêre of geüsurpeerde gesag, krygswet of 'n staat van beleg of enige ander gebeurtenis of oorsaak wat die afkondiging of handhawing van krygswet of 'n staat van beleg bepaal.
     (b) Opstand, rebellie of revolusie.
   - (iv) Enige optrede (ongeag of dit ten behoewe van enige organisasie, liggaam, persoon of groep persone is) wat daarop bereken of gerig is om enige staat of regering of enige provinsiale, plaaslike of stamowerheid met dwang of deur vrees, terrorisme of geweld te beïnvloed of omver te werp.
   - (v) Enige optrede wat daarop bereken of gerig is om verlies of skade te veroorsaak ten einde enige politieke doel, oogmerk of saak te bevorder, of om maatskaplike of ekonomiese verandering teweeg te bring of uit protes teen enige staat of regering of enige provinsiale, plaaslike of stamowerheid, of met die doel om vrees by die publiek of enige deel daarvan in te boesem.
   - (vi) Enige poging tot optrede waarna in klousule (iv) of (v) hierbo verwys word.
   - (vii) Die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl op ander wyse gehandel word met, enige gebeurtenis waarna in klousule 1(a)(i), (ii), (iii), (iv), (v) of (vi) hierbo verwys word.

   Indien die versekeraar beweer dat verlies of skade uit hoofde van klousule 1(a)(i), (ii), (iii), (iv), (v), (vi) of (vii) van hierdie uitsondering nie deur hierdie polis gedek word nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys.

   (b) Hierdie polis dek nie verlies of skade nie wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van enige gebeurtenis waarvoor 'n fonds gestig is ingevolge die Wet op Oorlogskadeversekering en -vergoeding 1976 (Nr. 85 van 1976) of enige soortgelyke wet wat van krag is in enige van die gebiede waarop hierdie polis van toepassing is.

2. Behalwe wat die afdelings Getrouheid, Aangegewe Voordele en Groep- Persoonlike Ongevalle betref,
   (a) dek hierdie polis nie die volgende nie:
   - (i) Verlies of vernietiging van of skade aan enige eiendom hoegenaamd of enige verlies of uitgawe hoegenaamd wat voortspruit of ontstaan daaruit of enige gevolglike verlies.
   - (ii) Enige regsaanspreeklikheid van watter aard ook al

   wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word of waartoe bygedra word deur of wat voortspruit uit ioniserende uitstralings of kontaminasie deur radioaktiwiteit wat afkomstig is van enige kernbrandstof of van enige kernafval weens die verbranding van kernbrandstof.

MTE/I(A) 1999

Slegs vir die doeleindes van hierdie uitsondering sluit verbranding enige selfonderhoudende kernsplytingsproses in.

(ii) Is die skadeloosstelling wat hierdie polis verleen, nie van toepassing op en sluit nie enige verlies, vernietiging, skade of regsaanspreeklikheid in nie wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur of waartoe bygedra word deur of wat ontstaan uit kernwapenmateriaal.

## Algemene voorwaardes

### 1. Wanvoorstelling, wanbeskrywing en nie-openbaarmaking

Wanvoorstelling, wanbeskrywing of nie-openbaarmaking van enige wesenlike besonderheid maak, na gelang van die geval, die besondere item, afdeling of onderafdeling van die polis ongeldig wat deur sodanige wanvoorstelling, wanbeskrywing of nie-openbaarmaking geraak word.

### 2. Ander versekering

Indien daar ten tyde van enige gebeurtenis wat aanleiding gee tot ʻn eis ingevolge hierdie polis versekering by enige ander versekeraars bestaan wat die versekerde teen die omskrewe gebeurtenisse dek, is die versekeraar slegs aanspreeklik vir die vergoeding van ʻn eweredige deel van die bedrag wat betaalbaar is deur of aan die versekerde ten opsigte van sodanige gebeurtenis. Indien enige sodanige ander versekering onderworpe is aan enige eweredigheidsvoorwaarde, is hierdie polis, indien dit nog nie aan enige eweredigheidsvoorwaarde onderworpe is nie, op dieselfde manier aan eweredigheid onderworpe.

### 3. Kansellasie

Hierdie polis of enige afdeling daarvan mag te eniger tyd deur die versekeraar gekanselleer word met skriftelike kennisgewing van 30 dae (of sodanige ander tydperk as waarop daar onderling ooreengekom is) of deur die versekerde met onmiddellike kennisgewing. By kansellasie deur die versekerde is die versekeraar daarop geregtig om die gebruiklike korttermyn- of minimum premie te behou vir die tydperk wat die polis of afdeling van krag was. By kansellasie deur die versekeraar is die versekerde geregtig daarop om ʻn eweredige deel van die premie te eis vir die onverstreke versekeringstydperk vanaf die kansellasiedatum, onderworpe aan Algemene voorwaarde 4.

### 4. Premie-aanpassing

Indien die premie vir enige afdeling van hierdie polis volgens enige geraamde syfers bereken word, moet die versekerde na die verstryking van elke versekeringstydperk die versekeraar van sodanige besonderhede en inligting voorsien as wat die versekeraar vir die herberekening van die premie vir sodanige tydperk mag verlang. Enige verskil word deur of aan die versekerde betaal, na gelang van die geval.

### 5. Voorkoming van verlies

Die versekerde moet alle redelike stappe doen en voorsorgmaatreëls tref om ongevalle en verliese te voorkom.

### 6. Eise

(a) Wanneer enige gebeurtenis plaasvind wat aanleiding mag gee tot ʻn eis ingevolge hierdie polis, moet die versekerde op sy eie onkoste

- (i) die versekeraar so gou moontlik daarvan in kennis stel en besonderhede verstrek van enige ander versekering wat sodanige gebeurtenisse dek as wat hierdeur verseker word.
- (ii) die polisie so gou moontlik na die gebeurtenis in kennis stel van enige eis waarby diefstal (indien dit deur die versekeraar vereis word) of die verlies van eiendom betrokke is en alle moontlike stappe doen om die skuldige party aan die kaak te stel en die gesteelde of verlore eiendom terug te vind.
- (iii) so gou moontlik na die gebeurtenis volledige besonderhede van enige eis skriftelik aan die versekeraar voorlê.
- (iv) die versekeraar van sodanige bewyse, inligting en beëdigde verklarings voorsien as wat die versekeraar mag verlang en onmiddellik aan die versekeraar enige kennisgewing stuur van ʻn eis of enige mededeling, lasbrief, dagvaarding of ander geregtelike prosesstuk wat teen die versekerde uitgereik of begin is in verband met die gebeurtenis wat aanleiding gee tot die eis.

(b) Geen eis (behalwe ʻn eis ingevolge die afdeling Sake-onderbreking, Getrouheid, Aangegewe Voordele of Groep Persoonlike Ongevalle of die uitbreiding persoonlike ongevalle (aanranding) ingevolge die afdeling Geld, indien toepaslik) is betaalbaar nie ná die verloop van 24 maande of sodanige langer tydperk as wat die versekeraar mag toestaan vanaf die plaasvind van ʻn gebeurtenis, tensy die eis die onderwerp van ʻn hangende regsgeding is of ʻn eis ten opsigte van die versekerde se regsaanspreeklikheid teenoor ʻn derde party.

(c) Geen eis is betaalbaar nie tensy die versekerde betaling eis deur binne ses maande ná die skriftelike afwysing van die eis prosesstukke aan die versekeraar te beteken en sodanige stappe finaliseer.

(d) Indien die eiendom (die onderwerp van die eis) of enige deel daarvan gevind word ná die betaling van 'n eis ingevolge hierdie polis ten opsigte van verlore of gesteelde eiendom, moet die versekerde alle hulp verleen by die identifisering en fisieke terugvind van sodanige eiendom indien by deur die versekeraar gevra word om dit te doen, met dien verstande dat die versekerde se redelike onkoste by sodanige hulpverlening deur die versekeraar vergoed word. Sou die versekerde weier om ingevolge hierdie voorwaarde hulp te verleen wanneer by gevra word, word die versekerde onmiddellik aanspreeklik om aan die versekeraar alle bedrae wat ten opsigte van die eis betaal is, terug te betaal.

**7. Versekeraar se regte na 'n gebeurtenis**

(a) By die plaasvind van enige gebeurtenis ten opsigte waarvan 'n eis ingevolge hierdie polis ingestel is of ingestel word, mag die versekeraar en elke persoon wat deur hom gemagtig is, sonder om daardeur enige aanspreeklikheid op te loop en sonder benadeling van die versekeraar se reg om hom op enige voorwaarde van hierdie polis te beroep

(i) enige beskadigde eiendom in besit neem, binnegaan of in besit te hou en op enige redelike manier daarmee handel. Hierdie voorwaarde geld as bewys van magtiging deur die versekerde aan die versekeraar om so op te tree. Die versekerde is nie waarop geregtig om enige eiendom aan die versekeraar prys te gee nie, hetsy die versekeraar dit in besit geneem het of nie.

(ii) die verdediging of skikking van enige eis in die naam van die versekerde oorneem en voer en in die naam van die versekerde tot sy eie voordeel enige eis om skadeloosstelling of skadevergoeding of andersins voer en volle seggenskap hê in die voer van enige geding en in die skikking van enige eis. Geen erkenning, verklaring, aanbod, belofte, betaling of skadeloosstelling mag sonder die skriftelike toestemming van die versekeraar deur die versekerde gedoen word nie.

(b) Die versekerde moet, op onkoste van die versekeraar, alle sodanige dinge doen en toelaat dat dit gedoen word as wat nodig mag wees of redelikerwys deur die versekeraar vereis kan word ten einde enige regte of te dwing waarop die versekeraar by skadeloosstelling van die versekerde gesubrogeer is of sou word, afgesien daarvan of sodanige dinge voor of ná sodanige skadeloosstelling vereis word.

(c) Ten opsigte van enige afdeling van hierdie polis ingevolge waarvan skadeloosstelling verleen word vir aanspreeklikheid teenoor derde partye, mag die versekeraar by die plaasvind van enige gebeurtenis aan die versekerde die skadeloosstellingsperk betaal wat ten opsigte van sodanige gebeurtenis verleen word, of enige kleiner bedrag waarvoor die eis of eise wat uit sodanige gebeurtenis voortspruit, geskik kan word en die versekeraar is daarna nie verder aanspreeklik ten opsigte van sodanige gebeurtenis nie.

**8. Bedrog**

Indien enige eis ingevolge hierdie polis in enige opsig bedrieglik is of indien enige bedrieglike metodes of middele deur die versekerde of enigiemand wat namens hom optree met sy medewete of toestemming gebruik word om enige voordeel ingevolge hierdie polis te verkry of indien enige gebeurtenis veroorsaak word deur die opsetlike daad of met die oogluikende toelating van die versekerde, word alle voordele wat deur hierdie polis ten opsigte van enige sodanige eis verskaf word, verbeur.

**9. Nie-nakoming van voorwaardes**

Die voorwaardes van hierdie polis en afdelings daarvan geld afsonderlik vir elkeen van die risiko's wat verseker word en nie gesamentlik nie, sodat enige nie-nakoming die afdeling ongeldig maak slegs ten opsigte van die risiko waarop die nie-nakoming van toepassing is.

**10. Geen regte aan ander persone nie**

Tensy anders bepaal, verleen niks in hierdie polis enige regte aan enige persoon behalwe die versekerde nie. Enige uitbreiding wat skadeloosstelling aan enige persoon anders as die versekerde verleen, gee geen eisregte aan sodanige persoon nie. Die bedoeling is dat die versekerde namens sodanige persoon moet eis. Die kwitansie van die versekerde is in elke geval 'n volle ontslag vir die versekeraar.

## Algemene bepalings

**1. Betalings op rekening**

Ten opsigte van enige afdeling waar bedrae wat van die versekeraar verhaalbaar is, hangende die afhandeling van enige eis vertraag word, mag betalings op rekening na goeddunke van die versekeraar, indien vereis, aan die versekerde gedoen word.

**2. Eerste bedrag betaalbaar**

Behalwe waar spesifiek in enige afdeling daarvoor voorsiening gemaak word, word die bedrag wat betaalbaar is ingevolge hierdie polis/afdeling ten opsigte van elke verlies, skade of aanspreeklikheid verminder met die eerste bedrag betaalbaar wat in die bylae vir die toepaslike omskrewe gebeurtenis aangetoon word.

**3. Lede**

Waar die woord "direkteur" gebruik word, word dit geag "lid" in te sluit indien die versekerde 'n beslote korporasie is.

## 4. Betekenis van woorde

Die bylae, enige endossemente daarop en die polisbewoording word saamgelees as een dokument en enige woord of uitdrukking waaraan 'n spesifieke betekenis in enige deel daarvan toegeken word, dra die betekenis waar dit ook al mag voorkom.

## 5. Premiebetaling

Premie is betaalbaar voor of op die aanvangs- of hernuwingsdatum na gelang van die geval.

Die versekeraar is nie verplig om premie te aanvaar wat na die aanvangs- of hernuwingsdatum, na gelang van die geval, by hom ingedien word nie maar kan dit wel doen op voorwaardes wat na sy uitsluitlike goeddunke bepaal word.

## 6. Gedek gehou

Indien die versekeraar 'n risiko gedek hou, sal by nie 'n eis afwys omrede daar nie op die premie ooreengekom is nie.

## 7. Versekerde bedrae blanko gelaat in bylae

Indien die versekerde bedrag, skadeloosstellingsperk of vergoeding in 'n bylae van hierdie polis

(a) blanko gelaat word of geen bedrag daarteenoor aangegee word nie;

(b) aangegee word as nul, as nie van toepassing nie, as nie gedek nie of as geen skadeloosstelling verleen nie;

beteken dit dat die omskrewe gebeurtenis of omstandigheid wat in die bylae vermeld word nie deur die polis verseker word nie.

## 8. Sekuriteitsfirmas

Indien 'n werknemer van 'n sekuriteitsfirma wat ingevolge 'n kontrak deur die versekerde in diens geneem is, verlies of skade veroorsaak, stem die versekeraar in om nie sy verhaalreg teen die gemelde sekuriteitsfirma uit te oefen nie indien die versekerde ingevolge die gemelde kontrak nie teen die gemelde sekuriteitsfirma mag eis nie.

Die versekeraar sal nie indien 'n geldige eis ingevolge enige afdeling of onderafdeling van hierdie polis ingestel word, as verweer aanvoer dat die versekeraar se regte benadeel is deur die voorwaardes van enige kontrak wat tussen die versekerde en enige sekuriteitsverskaffer aangegaan is in verband met die beskerming van die versekerde eiendom nie.

# Motorhandelaars Versekering

## Eksterne Afdeling

***Onderafdeling A - Verlies of skade***

**Omskrewe gebeurtenisse**

Verlies van of skade aan enige voertuig en die toebehore en onderdele daarvan terwyl dit daaraan is wat plaasvind onderwyl die voertuig

1. op die pad is;
2. tydelik in 'n garage is in die loop van 'n reis elders as in of op enige besigheidsperseel wat aan die versek erde behoort en/of deur hom geokkupeer word;

orals in die Republiek van Suid-Afrika Namibië Botswana Lesotho Swaziland Zimbabwe en Malawi.

Die maatskappy sal daarbenewens, indien sodanige voertuig onbruikbaar is weens enige verlies of skade wat hierkragtens verseker is, die redelike koste betaal van die beskerming en verwydering na die naaste herstellers en die versekerde mag opdrag gee dat herstelwerk uitgevoer word sonder die maatskappy se toestemming vooraf tot hoogstens R2,000 met dien verstande dat 'n uitvoerige raming eers verkry en onmiddellik aan die maatskappy gestuur word. Die maatskappy sal ook die redelike koste betaal van aflewering aan die versekerde ná die herstel van sodanige verlies of skade, maar tot hoogstens die redelike koste van vervoer na die permanente adres van die versekerde die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe en Malawi

met dien verstande dat

1. die skadeloosstellingsperk vir verlies van of skade aan enige voertuig, die bedrag is wat in die bylae vermeld word en die maksimum bedrag betaalbaar deur die maatskappy is ten opsigte van sodanige verlies of skade, maar nie die redelike markwaarde van die voertuig en sy toebehore en onderdele ten tyde van sodanige verlies of skade te bowe gaan nie.
2. die maatskappy na sy eie keuse sodanige voertuig of enige deel daarvan en/of die toebehore en onderdele daarvan kan herstel, in besit stel of vervang of die bedrag van die verlies of skade kontant betaal tot hoogstens die redelike markwaarde van sodanige voertuig en/of die toebehore en/of onderdele ten tye van sodanige verlies of skade.
3. indien die voertuig na die wete van die maatskappy die onderwerp van 'n opskortende verkoops- of soortgelyke ooreenkoms is, sodanige betaling gedoen word aan die eienaar wat daarin beskryf word wie se kwitansie sal dien as volle en finale ontslag van die maatskappy ten opsigte van sodanige verlies of skade.
4. ten opsigte van elke gebeurtenis wat tot 'n eis ingevolge hierdie onderafdeling lei, die versekerde verantwoordelik is vir die eerste bedrae betaalbaar wat in die bylae vermeld word (na gelang van die soort voertuig) van enige uitgawe (of enige mindere uitgawe wat aangegaan mag word) waarvoor voorsiening gemaak is ingevolge hierdie onderafdeling (insluitende enige betaling ten opsigte van koste, uitgawe en gelde) en van uitgawe deur die maatskappy in die uitoefening van enige diskresie wat by ingevolge hierdie versekering mag hê. Indien die onkoste wat deur die maatskappy aangegaan word enige eerste bedrag betaalbaar insluit waarvoor die versekerde verantwoordelik is, moet sodanige bedrag onverwyld deur die versekerde aan die maatskappy terugbetaal word.

**Uitsonderings op onderafdeling A**

Die maatskappy sal nie aanspreeklik wees om die volgende te betaal nie:

1. Gevolglike verlies as gevolg van enige oorsaak hoegenaamd waardevermindering hetsy dit ontstaan weens herstelwerk na 'n omskrewe gebeurtenis of anders, slytasie, meganiese of elektriese onklaarrakings, weierings of brekasies.
2. Skade aan buitebande weens die gebruik van remme of deur lekkasies, snye of barste terwyl op pad.
3. Skade aan vere/skokbrekers weens ongelykhede in die pad of ander oppervlak of weens botsing met sodanige ongelykhede.
4. Aanhouding, konfiskasie of rekwisisie deur doeane- of ander beamptes of owerhede.
5. Verlies van of skade aan toebehore of onderdele deur diefstal tensy die voertuig terselfdertyd gesteel word.

MTE/I(A) 1999

*Onderafdeling B - Aanspreeklikheid teenoor derde partye*

**Omskrewe gebeurtenisse**

Enige ongeval wat veroorsaak is weens of deur middel van of in verband met enige voertuig of in verband met die laai en/of aflaai van sodanige voertuig teen alle bedrae insluitende die eiser se koste en uitgawe wat die versekerde regtens aanspreeklik word om te betaal ten opsigte van

1. dood of liggaamlike besering van enige persoon, maar met uitsluiting van dood of liggaamlike besering van enige persoon in die diens van die versekerde wat ontstaan uit en in die loop van sodanige diens of iemand wat 'n lid van dieselfde huishouding as die versekerde is.
2. skade aan ander eiendom wat aan die versekerde behoort of deur hom in trust gehou word of in die bewaring of onder die beheer van die versekerde is of wat deur sodanige voertuig vervoer word of daarop gelaai of daarvan afgelaai word.

Die maatskappy sal ook (ingevolge en onderworpe aan die beperkings van en vir die doeleindes van hierdie onderafdeling)

1. alle koste en uitgawes betaal wat aangegaan word met hul skriftelike toestemming en sal geregtig wees om volgens hul eie diskresie te reël vir verteenwoordiging by enige doodsondersoek of ondersoek ten opsigte van enige dood wat die onderwerp van skadeloosstelling ingevolge hierdie onderafdeling mag wees of vir die verdediging in enige landdroshof van enige strafregtelike vervolging ten opsigte van enige optrede wat enige gebeurtenis veroorsaak wat die onderwerp van skadeloosstelling ingevolge hierdie onderafdeling mag wees of daarmee verband mag hou met dien verstande dat die maatskappy se alge hele aanspreeklikheid ingevolge sowel hierdie uitbreiding as onderafdeling B hoogstens die skadeloosstellingsperk sal beloop wat gemeld word op onderafdeling B van toepassing te wees.
2. enige persoon skadeloos stel wat sodanige voertuig op bevel van die versekerde of met die versekerde se toestemming bestuur of gebruik met dien verstande dat
   (a) sodanige persoon die bepalings, uitsonderings en voorwaardes van hierdie versekering, in die mate wat dit mag geld, sal nakom, daaraan voldoen en daaraan onderworp sal wees asof by die versekerde is.
   (b) sodanige persoon wat sodanige voertuig bestuur nog deur geen versekeraar motorversekering of die voortsetting daarvan geweier is nie.
   (c) skadeloosstelling nie sal geld ten opsigte van eise wat deur enige lid van dieselfde huishouding as sodanige persoon ingestel word nie.
   (d) sodanige persoon nie ingevolge enige ander polis op skadeloosstelling geregtig is nie behalwe ten opsigte van enige bedrag wat nie daarkragtens verhaalbaar is nie.

**Uitsonderings op onderafdeling B**

Die maatskappy sal nie ingevolge hierdie onderafdeling aanspreeklik wees ten opsigte van die volgende nie:

1. Soveel van enige vergoeding of eis as wat binne die bestek van enige verpligte motorvoertigversekeringswetgewing val. Hierdie uitsondering sal geld ongeag of geen versekering ingevolge sodanige wetgewing van krag is of aangegaan is nie.
2. Dood of besering van enige persoon wat ten tye van die plaasvind van die gebeurtenis waaruit enige eis ontstaan vervoer word in of op of wat in enige motorfiets, bromponie of syspan wat daaraan geheg is inklim of opklim of daaruit klim of daarvan afklim.
3. Aanspreeklikheid wat ontstaan uit die bedryf, demonstrasie of gebruik vir ander doeleindes as die instandhouding of herstel van 'n voertuig (tensy dit 'n vurkhyser is) van enige gereedskap of toerusting wat deel uitmaak van of vas is aan of gebruik word in verband met 'n voertuig of enigiets wat vervaardig word deur of vervat word in enige sodanige gereedskap of toerusting.

**Skadeloosstellingsperke**

Tensy dit anders vermeld word, beloop die aanspreeklikheid van die maatskappy ingevolge hierdie onderafdeling ten opsigte van enige een gebeurtenis hoogstens die skadeloosstellingsperke wat in die bylae vermeld word.

**Omskrywings**

**1. Voorval**

Die woord voorval beteken 'n voorval of reeks voorvalle wat ontstaan uit een oorsaak in verband met enige een voertuig ten opsigte waarvan skadeloosstelling deur hierdie versekering verleen word.

**2. Voertuig**

Die woord voertuig beteken

(a) enige motorvoertuig of sleepwa wat die eiendom is van of in die bewaring of beheer is van die versekerde (met uitsluiting van enige voertuig wat aan die versekerde behoort en verhuur word of verkoop word kragtens 'n opskortende verkoopsooreenkoms of ander ooreenkoms waardeur

eienaarskap uitgestel word tensy sodanige voertuig ten tyde van die plaasvind van die gebeurtenis waaruit enige eis voortspruit in die bewaring of beheer van die versekerde is) en

(b) enige voertuig (meganiesaangedrewe al dan nie) geheg aan 'n voertuig wat kragtens (a) hierbo gedek word met die doel om gesleep of herwin te word.

## Bepalings ten opsigte van geeneiskorting

in die geval dat geen eis ingevolge hierdie afdeling ingestel word of voortspruit gedurende 'n versekeringstydperk wat hieronder gespesifiseer word en wat die hernuwing van die polis onmiddellik voorafgaan nie, sal die hernuwingspremie soos volg onderworpe wees aan die Geeneiskorting:

| Versekeringstydperk | Geeneiskorting |
|---|---|
| die voorafgaande jaar | 10% |
| die voorafgaande twee of meer opeenvolgende jare | 20% |
| anders as hierbo is geen korting van toepassing nie | |

Indien die maatskappy instem tot 'n oordrag van belang in hierdie polis sal die tydperk waartydens die belang vir die oordragnemer was nie oploop tot die voordeel van die oordragnemer nie.

## Uitbreidings

### 1. Sosiale huishoudelike en plesiergebruik (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die beskrywing van gebruik-klousule word uitgebrei om gebruik vir sosiale huishoudelike en plesierdoeleindes in te sluit ten opsigte van die persone wat in die bylae vermeld word.

### 2. Verlies van gebruik van klante se voertuie (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Indien die maatskappy aanspreeklik word om die versekerde kragtens onderafdeling A van hierdie afdeling skadeloos te stel ten opsigte van verlies van of skade aan enige voertuig wat die eiendom van 'n klant is terwyl dit in die bewaring of beheer van die versekerde is, sal die maatskappy ondanks uitsondering (a) in die uitsonderings op onderafdeling A van hierdie afdeling ook die versekerde skadeloos stel teen regsaanspreeklikheid om vergoeding te betaal vir die verlies van gebruik van sodanige voertuig met dien verstande dat die aanspreeklikheid van die maatskappy beperk sal wees tot die bedrae wat in die bylae vermeld word.

### 3. Ongemagtigde gebruik deur werknemers (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Spesifieke uitsondering 1 (a) (ii) word gekanselleer.

### 4. Regsaanspreeklikheid van passasiers vir nalatige handelinge (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die maatskappy sal op versoek van die versekerde enige persoon wat die voertuig gebruik skadeloos stel kragtens onderafdeling B van hierdie afdeling met dien verstande dat sodanige persoon

(a) die voertuig nie persoonlik bestuur of in beheer daarvan is nie.

(b) nie kragtens enige ander polis op skadeloosstelling geregtig is nie.

(c) nie onder die invloed van bedwelmende drank of verdowingsmiddels is nie.

(d) asof by die versekerde is die bepalings uitsonderings en voorwaardes van hierdie afdeling in soverre hulle van toepassing is sal nakom en uitvoer en daaraan onderhewig is.

### 5. Uitbreiding: Voorruit (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die bepalings van hierdie afdeling wat verband hou met die eerste bedrag betaalbaar en Geeneiskorting sal nie geld vir enige betaling vir skade aan vooruitglas, sy- of agterruitglas wat deel van enige voertuig uitmaak nie

met dien verstande dat

(a) geen ander skade aan die voertuig veroorsaak is wat aanleiding gee tot 'n eis ingevolge die polis nie.

(b) die versekerde verantwoordelik sal wees vir die eerste bedrag betaalbaar wat in die bylae vermeld word vir elke verlies.

### 6. Kruisaanspreeklikhede

Waar meer as een versekerde in die bylae benoem word, sal die maatskappy elke versekerde afsonderlik en nie gesamentlik nie, skadeloos stel en enige aanspreeklikheid wat tussen sodanige versekerdes ontstaan, sal mee gehandel word asof afsonderlike polisse aan elk uitgereik is met dien verstande dat die totale aanspreeklikheid van die maatskappy hoogstens die skadeloosstellingsperk wat in die bylae vermeld word, beloop.

### 7. Uitbreiding: Oproer en staking (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Onderworpe andersins aan die bepalings, voorwaardes, uitsluitings, uitsonderings en waarborge wat daarin vervat word, word hierdie afdeling uitgebrei om verlies of skade te dek wat regstreeks veroorsaak is deur of deur middel van of as gevolg van

(a) burgerlike beroering arbeidsonluste oproer staking of uitsluiting.

(b) die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met enige gebeurtenis waarna in (a) hierbo verwys word.

Met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie die volgende dek nie:

(a) Verlies of skade wat voorkom in die Republiek van Suid-Afrika en Namibië.

(b) Gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd, behalwe verlies van huurgeld indien dit spesifiek verseker is.

(c) Verlies of skade wat spruit uit totale of gedeeltelike werkstilstand of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid.

(d) Verlies of skade wat veroorsaak is deur permanente of tydelike besitontneming wat die gevolg is van konfiskasie, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid.

(e) Verlies of skade wat betrekking het op of veroorsaak is deur enige gebeurtenis waarna in Algemene uitsondering 1(a), (ii), (iii), (iv), (v) of (vi) van hierdie polis verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met sodanige gebeurtenis.

Indien die maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepaling (a), (b), (c), (d) of (e) beweer dat hierdie afdeling nie verlies of skade dek nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys.

## Memoranda

### 1. Premieaanpassingsklousule

Die premie vir elke versekeringstydperk wat deur die maatskappy aanvaar mag word sal gebaseer wees op die geskatte lone, salarisse, kommissies en enige ander teenprestasie betaalbaar deur die versekerde aan alle werknemers. Indien die versekerde 'n individu of 'n vennootskap is moet 'n minimum bedrag van R120,000 bygevoeg word vir elke prinsipaal.

By die aanvang van elke versekeringstydperk moet die versekerde aan die maatskappy 'n staat verskaf wat 'n skatting van die bedrag van die lone, salarisse, kommissies en enige ander teenprestasies soos vermeld bevat en moet 'n geskatte premie, bereken op sodanige staat, aan die maatskappy betaal word.

Aan die einde van elke versekeringstydperk moet die versekerde binne een kalendermaand 'n staat met die werklike bedrag wat soos vermeld betaal of toegelaat is aan die maatskappy verskaf, en indien die totale bedrag soos weergegee deur sodanige staat verskil van die bedrag waarop die geskatte premie bereken is, moet die premieverskil na gelang van die geval aan die maatskappy betaal word of aan die versekerde terugbetaal word, bereken op grond van die maatskappy se kostetarief vir hierdie afdeling.

Dit is 'n opskortende voorwaarde vir enige aanspreeklikheid van die maatskappy kragtens hierdie afdeling dat

(a) die versekerde die naam van elke werknemer asook die lone, salaris, kommissie en ander teenprestasie wat aan sodanige werknemer betaal of toegelaat is gereeld in 'n behoorlike loonregister sal aanteken en die datum van indiensneming en van ontslag van elke werknemer onmiddellik in sodanige loonregister sal aanteken.

(b) die versekerde die maatskappy deur middel van enige van sy verteenwoortigers te alle tye sal toelaat om sodanige loonregister na te gaan.

### 2. Beskrywing van gebruik-klousule (lone-grondslag)

Gebruik vir besigheidsdoeleindes van die versekerde deur die versekerde 'n lid, direkteur of werknemer van die versekerde met uitsluiting van transito aflewering of konvooiering vir of namens die versekerde deur tydelike bestuurders of persone wat nie geheel en al en gereeld in die versekerde se diens werksaam is nie; met insluiting van

gebruik vir rylesse met dien verstande dat die persoon wat geleer word om te bestuur die juridiese reëls wat van krag is met betrekking tot leerlingsbestuurders nakom en vergesel word deur 'n ten volle gelisensieerde bestuurder wat of die versekerde of 'n lid van die versekerde of 'n werknemer van die versekerde is

met insluiting van

gebruik vir die doeleindes van demonstrasie, en dit sluit bestuur deur die persoon aan wie die voertuig gedemonstreer word in met dien verstande dat sodanige persoon vergesel word deur 'n ten volle gelisensieerde bestuurder wat of die versekerde of 'n lid direkteur of werknemer van die versekerde is

en

gebruik vir sosiale huishoudelike en plesierdoeleindes (hetsy sodanige gebruik bykomstig is tot die besigheid van die versekerde al dan nie) deur enige persoon behalwe die versekerde 'n lid, 'n direkteur of 'n werknemer van die versekerde.

## Opsionele beperkings

### 1. Beperking: Net derde party (indien in die bylae as toepaslik vermeld)

Onderafdeling A en die bepalings ten opsigte van die Geeneiskorting word gekanselleer.

### 2. Uitsluiting van demonstrasie-risiko (indien in die bylae as toepaslik vermeld)

Die maatskappy sal nie aanspreeklik wees nie vir ongelukke, besering, verlies, skade of aanspreeklikheid onderwyl enige voertuig vir die doeleindes van demonstrasie gebruik word.

**3. Uitsluiting van passasiersaanspreeklikheid (indien in die bylae as toepaslik vermeld)**
Die maatskappy sal nie kragtens onderafdeling B van hierdie afdeling aanspreeklik wees nie ten opsigte van die dood of besering van enige persoon (persone) wat ten tyde van die plaasvind van die gebeurtenis waaruit enige eis voortspruit in of op enige voertuig vervoer word of daarin of daarop klim of daarvan afklim of uitklim.

**4. Uitsluiting van eie voertuie (indien in die bylae as toepaslik vermeld)**
Die omskrywing van voertuig word gewysig om enige voertuig uit te sluit wat aan die versekerde behoort of deur hom gehuur en/of in bruikhuur gehuur word.

## Spesifieke uitsonderings

1. Die maatskappy sal nie aanspreeklik wees vir enige ongeluk, besering, verlies, skade of aanspreeklikheid nie
   (a) (i) terwyl die voertuig anders gebruik word as in ooreenstemming met die beskrywing van gebruik-klousule.
   (ii) terwyl die voertuig gebruik word vir enige ongemagtigde doel deur 'n werknemer van die verseker of deur enige ander persoon met wie sodanige werknemer in samespanning optree of opgetree het.
   (b) gely of opgedoen buite die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe en Malawi uitgemaak het maar die maatskappy sal die versekerde skadeloos stel teen verlies van of skade aan enige voertuig terwyl dit in transito is oor see tussen die hawens in hierdie grondgebiede insluitende die laai en aflaai wat met sodanige transito gepaard gaan.
   (c) gely of opgedoen terwyl enige voertuig bestuur word deur
   (i) die versekerde terwyl hy onder die invloed van bedwelmende drank of verdowingsmiddels is (tensy dit toegedien of voorgeskryf is deur en geneem is in ooreenstemming met die opdragte van 'n lid van die mediese beroep behalwe hyself) of terwyl hy nie gelisensieer is om sodanige voertuig te bestuur nie;
   (ii) enige ander persoon met die algemene toestemming van die versekerde wat met die versekerde se medewete onder die invloed van bedwelmende drank of verdowingsmiddels is (tensy dit toegedien of voorgeskryf is deur en geneem is in ooreenstemming met die opdragte van 'n lid van die mediese beroep behalwe hyself) of nie gelisensieer is om sodanige voertuig te bestuur nie;

   met dien verstande dat enige bestuurder geag word gelisensieer te wees om die voertuig te bestuur indien hy voldoen aan die lisensiewette met betrekking tot enige van die grondgebiede waarna in spesifieke uitsondering (b) verwys word of indien daar nie aan enige lisensiewet voldoen word nie bloot vanwee versuim om enige lisensie te hernieu wat onderworpe is aan periodieke hernuwing of indien 'n lisensie nie regtens vereis word nie of terwyl sodanige bestuurder leer bestuur en voldoen aan die wet met betrekking tot leerlingbestuurders.
2. Die maatskappy sal nie aanspreeklik wees vir enige eis wat ontstaan uit kontraktuele aanspreeklikheid nie, tensy die versekerde sodanig aanspreeklik sou gewees het ongeag sodanige kontraktuele ooreenkoms.

## Spesifieke voorwaarde

Indien enige bestuurslisensie ten gunste van die versekerde of sy gemagtigde bestuurder gedurende die geldigheidsduur van hierdie afdeling geëndosseer, opgeskort of gekanselleer word of indien hy of hulle weens nalatige, roekelose of onbehoorlike bestuur aangekla of skuldig bevind word, moet skriftelike kennisgewing aan die maatskappy gestuur word sodra die versekerde van sodanige feit bewus word.

# Motorhandelaars Versekering
## Interne Afdeling

ZURICH®

### *Onderafdeling A - Skade*
### Omskrewe gebeurtenisse

Skade aan enige voertuig wat aan die versekerde behoort en die toebehore en onderdele daaraan terwyl dit daaraan is wat plaasvind onderwyl die voertuig in of op die perseel is wat in die bylae vermeld word. Die maatskappy sal daarbenewens, indien sodanige voertuig onbruikbaar is weens enige skade wat hierkragtens verseker is, die redelike koste betaal van die beskerming en verwydering na die naaste herstellers en die versekerde mag opdrag gee dat herstelwerk uitgevoer word sonder die maatskappy se toestemming vooraf tot hoogstens R2,000, met dien verstande dat ʻn uitvoerige raming eers verkry en onmiddellik aan die maatskappy gestuur word. Die maatskappy sal ook die redelike koste betaal van aflewering aan die versekerde na die herstel van sodanige skade, maar tot hoogstens die redelike koste van vervoer na die permanente adres van die versekerde in die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe en Malawi met dien verstande dat

1. die skadeloosstellingsperk vir enige sodanige voertuig, die bedrag is wat in die bylae vermeld word en die maksimum bedrag betaalbaar deur die maatskappy is ten opsigte van sodanige skade, maar nie die redelike markwaarde van die voertuig en sy toebehore en onderdele ten tyde van sodanige skade te bowe gaan nie.
2. die maatskappy na sy eie keuse sodanige voertuig of enige deel daaraan en/of die toebehore en onderdele daaraan kan herstel, in besit stel of vervang of die bedrag van die skade kontant betaal tot hoogstens die redelike markwaarde van sodanige voertuig en/of die toebehore en/of onderdele ten tye van sodanige skade.
3. indien die voertuig na die wete van die maatskappy die onderwerp van ʻn opskortende verkoops- of soortgelyke ooreenkoms is, sodanige betaling gedoen word aan die eienaar wat daarin beskryf word wie se kwitansie sal dien as volle en finale ontslag van die maatskappy ten opsigte van sodanige verlies of skade.
4. ten opsigte van elke gebeurtenis wat tot ʻn eis ingevolge hierdie onderafdeling lei, die versekerde verantwoordelik is vir die eerste bedrae betaalbaar wat in die bylae vermeld word (na gelang van die soort voertuig) van enige uitgawe (of enige mindere uitgawe wat aangegaan mag word) waarvoor voorsiening gemaak is ingevolge hierdie onderafdeling (insluitende enige betaling ten opsigte van koste, uitgawe en gelde) en van uitgawe deur die maatskappy in die uitoefening van enige diskresie wat hy ingevolge hierdie versekering mag hê. Indien die onkoste wat deur die maatskappy aangegaan word enige eerste bedrag betaalbaar insluit waarvoor die versekerde verantwoordelik is, moet sodanige bedrag onverwyld deur die versekerde aan die maatskappy terugbetaal word.

### Uitsonderings op onderafdeling A

Die maatskappy sal nie aanspreeklik wees om die volgende te betaal nie:

1. Gevolglike verlies as gevolg van enige oorsaak hoegenaamd waardevermindering hetsy dit ontstaan weens herstelwerk na ʻn omskrewe gebeurtenis of anders, slytasie, meganiese of elektriese onklaarrakings, weierings of brekasies.
2. Skade aan buitebande weens die gebruik van remme of deur lekkasies, snye of barste terwyl op pad.
3. Skade aan vere/skokbrekers weens ongelykhede in die pad of ander oppervlak of weens botsing met sodanige ongelykhede.
4. Aanhouding, konfiskasie of rekwisisie deur doeane- of ander beamptes of owerhede.

### *Onderafdeling B - Aanspreeklikheid teenoor derde partye*
### Omskrewe gebeurtenisse

Enige ongeval wat veroorsaak is weens of deur middel van of in verband met enige voertuig of in verband met die laai en/of aflaai van sodanige voertuig teen alle bedrae insluitende die eiser se koste en uitgawe wat die versekerde regtens aanspreeklik word om te betaal ten opsigte van

1. toevallige dood of liggaamlike besering van enige persoon, maar met uitsluiting van dood of liggaamlike besering van enige persoon in die diens van die versekerde wat ontstaan uit en in die loop van sodanige diens of iemand wat ʻn lid van dieselfde huishouding as die versekerde s'n is.

MTE/I(A) 1999

2. toevallige skade aan
   (a) die voertuig en/of die toebehore en onderdele daaraan terwyl dit daaraan is wat in trust gehou word deur of in die bewaring of beheer van die versekerde is behalwe 'n voertuig wat behoort aan die versekerde of 'n lid van dieselfde huishouding as die versekerde s'n of 'n werknemer van die versekerde;
   (b) eiendom wat nie eiendom is wat aan die versekerde behoort of deur hom in trust gehou word of in die bewaring of onder die beheer van die versekerde is of behoort aan 'n lid van dieselfde huishouding as die versekerde s'n of 'n werknemer van die versekerde nie;

   wat in of op die perseel plaasvind weens die nalatigheid van die versekerde of enige persoon in die diens van of wat namens die versekerde handel of deur of deur middel van enige gebrek van die perseel of in die weë werke masjinierie of toerusting daarin.

Die maatskappy sal ook (ingevolge en onderworpe aan die beperkings van en vir die doeleindes van hierdie onderafdeling)

1. alle koste en uitgawe betaal wat aangegaan word met hul skriftelike toestemming en sal geregtig wees om volgens hul eie diskresie te reël vir verteenwoordiging by enige doodsondersoek of ondersoek ten opsigte van enige dood wat die onderwerp van skadeloosstelling ingevolge hierdie onderafdeling mag wees of vir die verdediging in enige landdroshof van enige strafregtelike vervolging ten opsigte van enige optrede wat enige gebeurtenis veroorsaak wat die onderwerp van skadeloosstelling ingevolge hierdie onderafdeling mag wees of daarmee verband mag hou met dien verstande dat die maatskappy se algehele aanspreeklikheid ingevolge sowel hierdie uitbreiding as onderafdeling B hoogstens die skadeloosstellingsperk sal beloop wat gemeld word op onderafdeling B van toepassing te wees.
2. enige persoon skadeloos stel wat sodanige voertuig op bevel van die versekerde of met die versekerde se toestemming bestuur of gebruik met dien verstand dat
   (a) sodanige persoon die bepalings, uitsonderings en voorwaardes van hierdie versekering, in die mate wat dit mag geld, sal nakom, daaraan voldoen en daaraan onderworpe sal wees asof by die versekerde is.
   (b) sodanige persoon wat sodanige voertuig bestuur nog deur geen versekeraar motorversekering of die voortsetting daarvan geweier is nie.
   (c) skadeloosstelling nie sal geld ten opsigte van eise wat deur enige lid van dieselfde huishouding as sodanige persoon ingestel word nie.
   (d) sodanige persoon nie ingevolge enige ander polis op skadeloosstelling geregtig is nie behalwe ten opsigte van enige bedrag wat nie daarkragtens verhaalbaar is nie.

## Uitsonderings op onderafdeling B

Die maatskappy sal nie ingevolge hierdie onderafdeling aanspreeklik wees ten opsigte van die volgende nie:

1. soveel van enige vergoeding of eis as wat binne die bestek van enige verpligte motorvoertuigversekeringswetgewing val. Hierdie uitsondering sal geld ongeag of geen versekering ingevolge sodanige wetgewing van krag is of aangegaan is nie.
2. dood of besering van enige persoon wat ten tye van die plaasvind van die gebeurtenis waaruit enige eis ontstaan vervoer word in of op of wat in enige motorfiets, bromponie of syspan wat daaraan geheg is inklim of opklim of daaruit klim of daarvan afklim.
3. aanspreeklikheid wat ontstaan uit die bedryf demonstrasie of gebruik vir ander doeleindes as die instandhouding of herstel van 'n voertuig (tensy dit 'n vurkhyser is) van enige gereedskap of toerusting wat deel uitmaak van of vas is aan of gebruik word in verband met 'n voertuig of enigiets wat vervaardig word deur of vervat word in enige sodanige gereedskap of toerusting.

## Skadeloosstellingsperke

Tensy dit anders vermeld word, beloop die aanspreeklikheid van die maatskappy ingevolge hierdie onderafdeling ten opsigte van enige een gebeurtenis hoogstens die skadeloosstellingsperke wat in die bylae vermeld word.

## Omskrywings

### 1. Voorval

Die woord voorval beteken 'n voorval of reeks voorvalle wat ontstaan uit een oorsaak in verband met enige een voertuig ten opsigte waarvan skadeloosstelling deur hierdie versekering verleen word.

### 2. Voertuig

Die woord voertuig beteken
(a) 'n meganiesaangedrewe voertuig.
(b) enige voertuig geheg aan 'n voertuig soos beskryf in (a) hierbo met die doel om gesleep te word.

### Bepalings ten opsigte van geeneiskorting

In die geval dat geen eis ingevolge hierdie afdeling ingestel word of voortspruit gedurende 'n versekeringstydperk wat hieronder gespesifiseer word en wat die hernuwing van die polis onmiddellik voorafgaan nie, sal die hernuwingspremie soos volg onderworpe wees aan die Geeneiskorting:

| Versekeringstydperk | Geeneiskorting |
|---|---|
| die voorafgaande jaar | 10% |
| die voorafgaande twee of meer opeenvolgende jare | 20% |
| anders as hierbo is geen korting van toepassing nie | |

Indien die maatskappy instem tot 'n oordrag van belang in hierdie polis sal die tydperk waartydens die belang vir die oordraggewer was nie oploop tot die voordeel van die oordragnemer nie.

### Uitbreidings

**1. Werk elders as op perseel (indien in die bylae as ingesluit vermeld)**

Die gemelde perseel word uitgebrei om enige ander perseel in te sluit waar die versekerde werk verrig met dien verstande dat sodanige perseel nie in die versekerde se beheer is nie.

**2. Uitbreiding: Voorruit (indien in die bylae as ingesluit vermeld)**

Die bepalings van hierdie afdeling wat verband hou met die eerste bedrag betaalbaar en Geeneiskorting sal nie geld vir enige betaling vir skade aan voorruitglas, sy- of agterruitglas wat deel van enige voertuig uitmaak nie

met dien verstande dat

(a) geen ander skade aan die voertuig veroorsaak is wat aanleiding gee tot 'n eis ingevolge die polis nie.

(b) die versekerde verantwoordelik sal wees vir die eerste bedrag betaalbaar wat in die bylae vermeld word vir elke verlies.

**3. Kruisaanspreeklikhede**

Waar meer as een versekerde in die bylae benoem word, sal die maatskappy elke versekerde afsonderlik en nie gesamentlik nie, skadeloos stel en enige aanspreeklikheid wat tussen sodanige versekerdes ontstaan, sal mee gehandel word asof afsonderlike polisse aan elk uigereik is met dien verstande dat die totale aanspreeklikheid van die maatskappy hoogstens die skadeloosstellingsperk wat in die bylae vermeld word, beloop.

**4. Uitbreiding: Oproer en staking (indien in die bylae as ingesluit vermeld)**

Onderworpe andersins aan die bepalings, voorwaardes, uitsluitings, uitsonderings en waarborge wat daarin vervat word, word hierdie afdeling uitgebrei om verlies of skade te dek wat regstreeks veroorsaak is deur of deur middel van of as gevolg van

(a) burgerlike beroering arbeidsonluste oproer staking of uitsluiting.

(b) die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met enige gebeurtenis waarna in (a) hierbo verwys word

Met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie die volgende dek nie:

(a) Verlies of skade wat voorkom in die Republiek van Suid-Afrika en Namibië.

(b) Gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd, behalwe verlies van huurgeld indien dit spesifiek verseker is.

(c) Verlies of skade wat spruit uit totale of gedeeltelike werkstilstand of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid.

(d) Verlies of skade wat veroorsaak is deur permanente of tydelike besitontneming wat die gevolg is van konfiskasie, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid.

(e) Verlies of skade wat betrekking het op of veroorsaak is deur enige gebeurtenis waarna in Algemene uitsondering 1(a), (ii), (iii), (iv), (v) of (vi) van hierdie polis verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer voorkoming of onderdrukking van of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met sodanige gebeurtenis.

Indien die maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepaling (a), (b), (c), (d) of (e) beweer dat hierdie afdeling nie verlies of skade dek nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys.

### Memoranda

**1. Premieaanpassingsklousule**

Die eerste premie en alle hernuwingspremies wat hierkragtens betaalbaar is, sal deels gebaseer wees op die area van die perseel en deels op die bedrag van lone, salarisse en ander verdienste wat gedurende elke versekeringstydperk deur die versekerde aan werknemers, prinsipale en direkteurs betaal is. Die naam van elke werknemer en die bedrag van lone, salaris en ander verdienste waarop by geregtig is, insluitende die waarde van alle huis- huurgeld- voedsel- of ander teenprestasie wat benewens lone gegee word, moet volledig en korrek aangeteken word in 'n behoorlike boek wat vir hierdie doel gehou word. Indien die versekerde 'n private individu of 'n vennootskap is, sal geag word dat 'n minimum bedrag van R120,000 per jaar deur elke prinsipaal verdien word. Die versekerde moet die maatskappy deur middel van enige van

sy verteenwoordigers te alle tye toelaat om sodanige boeke na te gaan en moet, indien dit versoek word, die maatskappy binne een maand vanaf die verstryking van die versekeringstydperk in kennis stel van die korrekte bedrag van al die lone, salarisse en ander verdienste (met toelating, ten opsigte van elke prinsipaal, van 'n minimumbedrag van R120,000) wat gedurende enige sodanige versekeringstydperk betaal is, en indien die totale bedrag aldus betaal verskil van die bedrag waarop die premie betaal is, moet die premieverskil na gelang van die geval na verhouding aan die maatskappy betaal of aan die versekerde terugbetaal word. Indien die perseel gedurende die geldigheidsduur van hierdie afdeling enigsins uitgebrei of verander word, moet die versekerde die maatskappy onmiddellik skriftelik daarvan in kennis stel en moet by enige aangepaste premie wat deur die maatskappy vereis word ten opsigte van sodanige uitbreiding of verandering aan die maatskappy betaal.

## Opsionele beperkings

### Beperking: net derde party (indien in die bylae as toepaslik vermeld)

Onderafdelings A, Omskrewe gebeurtenis (b) (i) van onderafdeling B en die bepalings ten opsigte van die Geeneiskorting word gekanselleer.

## Spesifieke uitsonderings

1. Die maatskappy sal nie aanspreeklik wees vir enige ongeluk, besering, verlies, skade of aanspreeklikheid nie ten opsigte van
   (a) dood, besering of skade regstreeks of onregstreeks veroorsaak deur brand of ontploffing of deur weerlig met dien verstande dat hierdie uitsondering nie van toepassing is nie op enige eis kragtens onderafdeling B1 en 2(b) van hierdie afdeling voortspruitende uit dood besering of skade veroorsaak deur brand of ontploffing wat die regstreekse gevolg van die besit van 'n motorvoertuig is.
   (b) enige gevolg van diefstal of huisbraak of enige poging daartoe.
   (c) skade aan eiendom gely onderwyl daarmee gewerk word en wat die regstreekse gevolg van sodanige werk is.
   (d) enige gebrekkige vakmanskap of enige gevolge daarvan.
   (e) dood, besering of skade veroorsaak deur of deur middel van enige sloping of strukturele wysiging van )of toevoeging tot die perseel of deur of deur middel van die installering van enige toerusting.
   (f) dood, besering of skade veroorsaak deur of deur middel van of in verband met die gebruik deur die versekerde of enige persoon in die diens van of wat namens die versekerde optree van kragaangedrewe hyskrane, elevators, hysers of hysmasjiene (met 'n hysvermoe wat 2 meter oorskry) behalwe hyskrane of elevators wat deel van die voertuig vorm.
   (g) dood, besering of skade ten gevolge van die bestuur elders as in of op die perseel van die voertuig deur die versekerde of enige persoon in die diens van of wat namens die versekerde optree.
   (h) skade aan die voertuig en/of die toebehore of onderdele daarvan wat deur weersomstandighede veroorsaak word.
2. Die maatskappy sal nie aanspreeklik wees vir enige ongeluk, besering, verlies, skade of aanspreeklikheid nie wat gely of opgedoen word terwyl enige voertuig bestuur word deur
   (a) die versekerde terwyl hy onder die invloed van bedwelmende drank of verdowingsmiddels is (tensy dit toegedien of voorgeskryf is deur en geneem is in ooreenstemming met die opdragte van 'n lid van die mediese beroep behalwe hyself) of terwyl hy nie gelisensieer is om sodanige voertuig te bestuur nie;

   met dien verstande dat enige bestuurder geag word gelisensieer te wees om die voertuig te bestuur indien daar nie aan enige lisensiewet voldoen word nie bloot vanweë versuim om enige lisensie te hernieu wat onderworpe is aan periodieke hernuwing of indien 'n lisensie nie regtens vereis word nie of terwyl sodanige bestuurder leer bestuur en voldoen aan die wet met betrekking tot leerlingbestuurders.
3. Die maatskappy sal nie aanspreeklik wees vir enige eis wat ontstaan uit kontraktuele aanspreeklikheid nie, tensy die versekerde sodanig aanspreeklik sou gewees het ongeag sodanige kontraktuele ooreenkoms.

## Spesifieke voorwaarde

Indien enige bestuurslisensie ten gunste van die versekerde of sy gemagtigde bestuurder gedurende die geldigheidsduur van hierdie afdeling geendosseer, opgeskort of gekanselleer word of indien hy of hulle weens nalatige, roekelose of onbehoorlike bestuur aangekla of skuldig bevind word, moet skriftelike kennisgewing aan die maatskappy gestuur word sodra die versekerde van sodanige feit bewus word.

MTE/I(A) 19990